# <u>Sardis Gemeente</u>




Openbaring 3:1-6

**Die Kerk wat die Boodskap oneffektief gemaak het.**

In hierdie stad het jy die grootste tempel gekry ná die Sinagoge in Jerusalem. Wat hartseer is, binne in die sinagoges, langs die altare waar offers gebring is, vind jy van hul afgodsbeelde. Christene het vermeng geraak met die Heidene. Die Jode het hulle name op die pilare van die Sinagoge in Grieks geskrywe, wat



vreemd was vir ‘n Jood. Hulle het in ‘n samelewing verander wat kompromie voorgestaan het. Hulle het die tempel selfs reg langs die Romeinse gimnasium gebou. (Net om ‘n idee te gee - die buitelug aktiwiteite en kompetisies, is naak gedoen). Dit was beslis nie ‘n normale gimnasium nie, en was letterlik by die ingang van die tempel.

Hulle afgod was artemis. Die afgod vir jag en fertiliteit.

Hulle aanbidding tot die god en die keiser was die hartklop van hulle stad.

Hulle het nie probleme gehad dat die Christene ook hul God wou aanbid nie, solank Hy net nie groter is as enige van die Romeinse afgode of die keiser nie.

Die Jode se vermenging het veroorsaak dat hulle gewetens afgestomp geraak het.

Ons sien ook, uit die opgrawings, hoe hulle sy aan sy in die mark besigheid gedoen. Dit staan uit, omdat enige plek waar die Evangelie met ywer en waarheid verkondig is, sou jy nooit gesien het dat Christene op die gewone mark hulle ware mag verkoop het nie.

Hier was 'n mengelmoes van Jode, Grieke en Heidene. Die Christene het hoofsaaklik in huise bymekaar gekom - groepe van 30 of 40. Christenskap is gesien as die sekte van die Joodse geloof. Dis eers in 64nC dat Rome die Christene begin vervolg het, na die groot vuur wat uitgebreek het.

<u>Wat is Jesus se perspektief oor die kerk in Sardis?</u>

V1 sê**: "Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood" Die Here ken hulle harte. Hulle naam gaan hul vooruit. Hulle werke is goed en wel en mooi……maar hulle is dood.**

**"….as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie."**

Die gemeente in Sardis het presies geweet wat dit beteken. Hulle het geleer uit hul geskiedenis. Wat beteken dit as jy onverwags oorval word??

In Sardis was daar 'n fort wat gebou is deur Koning Croesus, wat hulle gemeen het niemand by kan inbreek nie. Hulle het houtgerus daar gaan skuil as daar gevaar was. Eendag wou Sirië vir Sardis inneem, maar hulle kon nie deur die ondeurdringbare muur kom nie. Hulle het toe die plek omsingel en gewag…



Een aand het een van die soldate van Sardis oorgeleun oor die muur waar hy wagstaan en met die het sy helm afgeval en gerol tot buite die stadsmuur.

Hy het toe, afgegaan na die geheime deur in die muur, gou uitgeglip en sy helm gaan kry. Min wetende dat hy dopgehou word. Nodeloos om te sê, toe die stad dit die minste verwag het, is hulle oorval en het Sirië se magte die stad binnegedring. Net toe hulle dink hulle was veilig, was hulle nie. Jesus herinner hulle wat sal gebeur as Sy oordeel so oor hulle sal kom.

Sardis het besluit hulle gaan net oor die wegkom met almal. Almal se gode is relevant en ons oordeel nie ander se gode nie. Die oomblik toe hulle dit begin doen het, het hulle die Evangelie boodskap doodgemaak en het dit Sy krag verloor.

Jesus waarsku en sê vir ons in Sy Woord……



**Efe 4:27 "en gee aan die duiwel geen plek nie."** Dit beteken geen plek nie. Ons almal weet hoe lyk 'n wig?

Hy het 'n skerp punt sodat jy in 'n klein spasie kan inkom.

Stadig maar seker kan jy hom indring om 'n groter gaping te maak…..en dit is wat die vyand doen, sodra ons deur kompromie, hom plek begin gee in ons lewens.

Jesus waarsku hulle dat Sy oordeel oor hulle sal kom soos 'n dief in die nag. Wanneer hulle dit die minste verwag.

**Is dit nie hoe ons as mens verval het in die 21ste eeu nie? Ons word verdra as Christene, solank ons nie uitgesproke is oor absolutes in God se Woord nie. Solank ons mense nie konfronteer met die enigste ware Boodskap wat daar is nie. Alle ander godsdienste is reëls en regulasies. Die Evangelie aangaande Jesus Christus is die enigste Boodskap van Hoop, 'n Boodskap van Verlossing. Onverdienstelik. Deur genade alleen. Maar die wêreld vereis dat ons sal stilbly.

DIE OPDRAG!!!

**"Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie."**

**Wat 'n baie hartseer verslag vir een van die vroeë kerke. Kerke waar die ink asteware nog nat was op die bladsye van die Evangelie, maar die Here is wakker oor Sy saak. Hy deursoek en ondersoek Sy kinders se harte, dat ons kan sien wat daar binne in skuil.**

Deut. 8:2 " En ____________________________ aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou __________________________________________________, om te _____________ wat in jou ______________________ is, of jy Sy gebooie sal hou of nie."

**Open 3:4 "Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.**
**Open. 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor Sy engele."**

Kinders van die Here wat opreg met die Here wandel was min, maar hulle was daar. Die Here moedig hulle aan om hulle klere wit te hou. In Sy geregtigheid te wandel sodat hulle kan oorwin. Die oomblik wanneer ons, ons kleed besoedel, al is dit net om liggies teen sonde te skuur (to brush), is om my kleed te besoedel….te bevlek.

**Toepas in my lewe:**

**Hulle kon Christene wees, hulle moes net nie vir die mense sê Jesus is die enigste weg nie. Ter wille van vrede het hulle stil gebly.**

**MAAR dit was 'n valse vrede.**

Net Christus bied 'n ewige verlossing in Hom. Sal ons Hom nie vertrou en aan Hom vashou in die tye waar die druk al hoe meer word, om Hom te verloën, deur Kompromie aan te gaan nie.

**Efe. 5:27 ",sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder ____________________________________________________________; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees**."

**Mag ons as Kerk van Jesus Hoor wat die Gees aan die Gemeente wil sê.**

